

BEWEGENDE BELYDENIS

VERKORTE WEERGAWE VAN
GOD MET ONS







Bewegende Belydenis **verkorte weergawe van God met ons**

Die Bybel as rigsnoer vir ons lewe

In die laat 1970's het die Gereformeerde Kerke in Nederland reeds positief tov selfdegeslagverhoudinge besluit. Soos nou by ons, het dit ook baie onsekerheid in daardie kerk veroorsaak. Die gevolg was dat die Gereformeerde Kerkte toe 'n dokument, God met ons, die lig laat sien het. Dié dokument het Feb 1981 verskyn. Hierdie is 'n verkorte weergawe op Afrikaans. Dalk help dit julle ook om sinvol aan die huidige debat deel te neem.

Pieter Fourie

God met ons

Die rapport "God met ons" het reeds gedurende 1981 binne die Nederlandse Gereformeerde Kerke die lig gesien. Die bedoeling was om gemeentelede te help om 'n dieper verstaan van die boodskap van die Bybel te verkry in die lig van wat baie van hulle ervaar het as teenstrydige stemme wat in die kerk oor talle etiese kwessies geheers het – onder andere ook homofilie (homoseksualiteit).

Die probleem waarvan uitgegaan word, is dat daar twee teenoorgestelde standpunte oor die waarheid van die Bybel bestaan.

Aan die een kant is daar diegene wat alle klem lê op die presiese "historiese" betroubaarheid van die Skrif. Volgens hulle is alles "letterlik" waar en blywend geldig en moet alles gelowig aanvaar word net soos wat dit daar staan. Hulle lê dus alle klem op die feit dat dit God se Woord is, en maak nie veel daarvan dat die Bybel deur mense geskryf is, mense in ander tye en kulture en met ander kennis en beskouings as wat ons vandag het nie.

Aan die ander kant is daar diegene wat alle klem daarop lê dat 'n mens nie iets as waar kan aanvaar of glo as jy dit nie met jou eie ervaring of verstand kan ervaar of insien nie. Volgens hulle is slegs dit in die Bybel waar wat jou aanspreek, tref of wat op grond van jou eie oortuigings, ervaring en kennis geloofwaardig lyk. Diegene lê dus alle klem op die feit dat die Bybel soos alle ander boeke deur mense geskryf is, en gevolglik in baie opsigte tydsgebonde is.

Hierdie twee teenoorgestelde standpunte (van God se woord deur mense geskryf en God se woord deur *mense* geskryf) het in die loop van die kerk se geskiedenis tot baie meningsverskil en verwarring gelei. Terwyl aan die een kant klem gelê word op die gesag, waarheid en betroubaarheid van die geïnspireerde Woord, word aan die ander kant beswaar gemaak teen die willekeurige en té gemaklike aanhaal van "gesaghebbende" tekste. Vrae ontstaan dus oor die presiese bedoeling van die Bybel en oor die aard van die Bybel se gesag, betroubaarheid en waarheid en oor die regte manier waarop die Bybel gelees en geglo moet word. Terwyl die gevaar aan die een kant bestaan dat "gesaghebbende" woorde verkeerd gebruik en selfs misbruik kan word, bestaan die gevaar aan die ander kant dat die mens en sy situasie op so 'n wyse die maatstaf word vir wat in die Bybel waar of geloofwaardig is, dat die ware gesag van Gods Woord aangetas word.

Die vraag is dus: Wat is die ware gesag van die Woord?

Wat is die korrekte verhouding tussen dié twee kante van die saak, naamlik dat God se Woord deur *mense* geskryf is?

Wat is waarheid?

Hoofstuk een van die rapport behandel eers die wysgerige vraag na wat waarheid presies is. Daar word gesê dat daar in die geskiedenis veral twee teenoorgestelde sienings was:

Is waarheid iets wat **buite** mense om vas is en onafhanklik van mense bestaan (objektivisme)?

Of is waarheid iets wat in 'n mens bestaan en vir jou persoonlik op grond van jou eie ervarings en insigte waar geword het (subjektivisme)?

Die argument lui verder dat dit algaande in die wysbegeerte duidelik geword het dat albei hierdie standpunte eensydig is.

Waarheid moet eerder as 'n **innige verhouding** (relasie) tussen die twee pole, buite die mens en **in/vir** die mens, gesien word. Na die oordeel van die rapport, pas hierdie nuwe en veranderde siening van die waarheid baie goed in by wat die Bybel van waarheid sê. Ook dáár word waarheid as iets buite die mens (God, sy openbaring, sy daad, Christus) gesien, maar wat terselfdertyd eers werklik tot sy reg kom as dit deur die mens beleef, verstaan en geglo word. Ook in die Bybel is daar 'n noue wisselwerking tussen objektief en subjektief.

Die bedoeling agter hierdie ingewikkelde wysgerige argument is om uiteindelik ook die waarheid en gesag van die Bybel met behulp van so 'n verhoudings- (of relasionele) waarheidsbegrip te verstaan.

As Christene bely ons dat die waarheid uit God en uit die werk van die Heilige Gees voortkom. Maar dit beteken nie dat mense in die openbaringsgebeure en in die optekening van die openbaringswaarheid uitgeskakel word nie; intendeel, mense word juis ten volle by die **ontstaan** en **verstaan** van die Woord betrek.

- *Dit is God wat met mense praat en handel.*
- *Dit is mense wat die woorde en handeling van God, soos hulle dit gehoor, gesien en ervaar het, opskrywe.*
- *En dit is weer mense wat hierdie woorde lees en die getuienis daarvoor in die Skrif hulle eie maak omdat hulle glo dat dit God is wat deur hierdie woorde met hulle praat.*

Moet die mens passief wees in die ontvangs van 'n objektiewe openbaringswaarheid van buite af?

“Neen, niet op de manier van een openbaringswaarheid die als een meteoriet in die mensenwereld inslaat.

“De Heilige Geest ... werkt als een gebeuren, als het waaien van de wind Want de Heilige Geest ontvangen is geen passief gebeuren, maar de actiewe inschakeling van mense bij de openbaringsgeschiedenis van God. Immers ook die houding van deemoed, van ontvangen, van de hand op de mond leggen, is ten diepste de actieve ontdekking van genade, de alles bewegende belijdenis dat het God is die spreekt. En dit belijden geschiedt juist door mense” (15).

Die klem op die verhoudings- (of relasionele) waarheidsbegrip bied dus die agtergrond waarteen die aard van die Skrif se gesag opgevat moet word. Dit vorm die struktuur waarteen elk van die volgende hoofstukke van die rapport verstaan moet word.

Bybelse ondersoekmetodes

Die tweede hoofstuk is histories van aard. Dit gee 'n oorsig van die wyse waarop die Bybel in die geskiedenis bestudeer is, en veral die rol van die sogenaamde histories-kritiese ondersoek.

Tradisioneel was Gereformeerde kringe baie krities teenoor die historiese kritiek omdat dit as 'n aantasting van die Bybel se betroubaarheid en gesag gesien is. Die rapport wil egter positiewer daarteenoor staan. Daarom maak dit 'n onderskeid tussen *Skrifkritiek* (as 'n onwetenskaplike en onverantwoorde kritiese houding teenoor die Bybel) en *historiese kritiek* (as 'n metodiese en wetenskaplike benadering van die Bybel op grond van die groeiende insig in die menslike aard van die Bybel en die rol van die destydse kulturele omstandighede). Terwyl die rapport *Skrifkritiek* afwys, staan dit positief teenoor die historiese kritiek.

Die derde hoofstuk is ewe-eens histories van aard. Daarin word spesifiek na die siening van die Skrif in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke gekyk. Daar word veral verduidelik hoe die bekende *organiese inspirasieteorie* – wat algemeen in Gereformeerde kringe aanvaar word – ontstaan het. Dit was enersyds bedoel as 'n standpunt téénoor die ouere sogenaamde ortodoksie, maar andersyds ook as standpunt téénoor die vrysinnige *Skrifkritiek*.

Die *ortodoksie* het die Bybel as 'n versameling van waarhede gesien wat op 'n bonatuurlike manier ingegee en feitlik letterlik gedikteer is. Die ortodoksie het dikwels “biblisisties” te werk gegaan deur die letter van die Bybel op 'n direkte en wettiese wyse toe te pas, sonder om met die verskil tussen die tyd waarin die Bybel geskryf is en ons tyd te reken, en sonder om erns te maak met die verband waarin die tekste in die Bybel staan en die spesifieke bedoeling daarvan.

Die *vrysinnigheid*, daarteenoor, het by voorbaat alle “bo-natuurlikheid” ontken en die Bybel opgebreek en gesif deur wat sogenaamd “ongeloofwaardig” sou wees uit te sny, totdat daar dikwels bloedweinig oorgebly het.

Albei metodes, die ortodoksie en die vrysinnigheid, het dus willekeurig te werk gegaan en daardeur óór die Skrif en die eie aard en bedoeling daarvan geheers.

Méer as wat dit by die ortodoksie die geval was, wou die *organiese teorie* op die menslike rol in die ontstaan van die Skrif klem lê, en daarmee op die *historiese aard* van die Skrif. Mense was as skrywers die organe vir wie die Heilige Gees in diens geneem het om Gods Woord op te teken.

Aan die een kant wil die term “organies” klem lê op die eenheid van die Skrif. Die Skrif is 'n geheel. Eike deeltjie moet daarom binne die geheel van die boodskap gelees en verstaan word. Enkele tekste mag nie uitgehaal en van die grotere verband en die hele Skrif losgemaak word nie, soos soms in die biblisistiese ortodoksie gedoen is nie.

Aan die ander kant mag *die eenheid* van die Skrif ook nie geïgnoreer word deur op vrysinnige wyse *Skrifkritiek* te beoefen en uit te sif wat aanvaarbaar is en wat verwerp moet word nie.

Die rapport argumenteer verder dat die organiese inspirasieleer ongelukkig geleidelik ál hoe meer as 'n afwysing van die histories-kritiese *Skrifkritiek* ontwikkel is.

Daarmee, oordeel die rapport, val die organiese inspirasieleer self amper weer terug in die meganiese siening van die inspirasie wat dit oorspronklik wou afwys. Die rapport wil die agterstand wat met hierdie ontwikkeling ontstaan het, nou probeer uitwis en die positiewe moontlikhede wat in die organiese teorie opgesluit is, in die lig van nuwere insigte nóg verder ontwikkel.

'n Nuwe oriëntasie tov Skrifuitleg, wat hom in die sestigerjare voltrek het, het die besinning oor Skrifgesag uit 'n nuwe invalshoek benader: Watter betekenis kom die Bybel toe met die oog op die probleme van ons tyd en wêreld?

“De vraag naar de juiste uitleg werd niet meer zozeer vanuit de oorsprong der Schrift in het verleden, als wel vanuit die werking der Schrift in het heden aangevat. Alleen diegene verstaat een teks echt, die vemeemt, hoe dece in de eigen situasie spreek” (49).

Wat beteken ‘Skrifgesag’ regtig?

Die vierde hoofstuk handel direk oor die aard van die Skrifgesag en vorm die hart van die rapport. Opmerkings word gemaak oor die manier waarop die Skrifgesag begrond word, oor die historiese betroubaarheid van die Bybel, oor die vraag hoe die Bybel as norm vir ons alledaagse lewe geldig is en oor die vraag hoe vry die teologie is. In dié proses word belangrike keuses gemaak.

’n Saak soos die verhouding tussen inspirasie en gesag – wat altyd vir Gereformeerdes van groot belang was – word nie behandel nie. Die rapport oordeel dat dit nie moontlik is om ’n teoretiese verduideliking te gee van waarin die gesag van die Skrif bestaan nie, sonder om die Bybellesende gelowige deel van dié antwoord te maak nie.

In die lig van die verhoudingswaarheidsbegrip en die klem op die menslike aandeel in die totstandkoming van die Skrif, is die ware aard van die Skrifgesag iets wat beleef moet en kan word daar waar gelowige mense soekend en horend probeer lees. Van Christene en van die wêreld kan nie verwag word om éérs in die gesag van die Bybel te glo op grond van een of ander uitgangspunt of teorie, en daarna die boodskap van die Bybel te hoor en te beleef nie. Vanuit die staanspoor moet die Bybelse boodskap gehoor en as heil ervaar word. Dán sal die hoorder, in en deur hierdie ervaring, ook weet dat die Bybel ’n gesaghebbende boodskap bring en weet waarin hierdie gesag geleë is, naamlik in die Een met wie daar in verhouding gehoor en ervaar word.

Die Bybel se gesag kan dus nie byvoorbaat al omskryf of begrond word nie.

**Eers as die boodskap ’n mens ’tref, as ’t ware
’iets vir ’n mens sê, erken en verstaan jy die
gesag daarvan.**

Die Bybel se gesag funksioneer dus slegs “in die relasie” of verhouding tussen mens en Skrif. Die menslike subjek en sy gelowige verstaan word gevolglik van die uiterste belang.

Die rapport sien dus die inspirasie van die Bybelskrywers in die lig van wat ons normaalweg onder “inspirerend” verstaan, naamlik as ’n invloed wat ’n mens dring om self iets te gaan doen. Die Heilige Gees het dus nie die Bybel alleen geskryf nie, maar dit is ’n menslike en tydsgebonde boek, soos alle boeke, geskryf deur geïnspireerde mense en met ’n inspirerende boodskap.

Inspirasie hou egter nie met die skryf van die Bybel op nie. Dit strek ook tot by die verstaan en aanname van die boodskap in die hede. As mense vandag die Skrifgetuienis lees en deur dieselfde inspirerende boodskap geraak word, ervaar hulle die werking van dieselfde Gees van Waarheid wat tydens die skrywe van daardie getuienis destyds, en steeds vandag, met die Gees se werk besig is.

Die Bybel is dus nie histories méér betroubaar as ander bronne nie. Die Bybel het ook nie ’n eiesoortige geskiedenisbeskouing nie. (Dit is in elk geval nooit moontlik om agter ’n historiese

oorlewering terug te vra na hoe dit oorspronklik en letterlik was nie. Alle oorlewering is subjektief gekleur en moet so verstaan word.)

Vir die verstaan van die Bybel is die voorafgaande insig van besondere belang. Die Bybel is naamlik uit geloof en tot geloof geskryf. Dit is gelowige mense wat (gekleur deur hulle eie geloof) vertel hoe hulle Gods waarheid beleef het, met die bedoeling om soortgelyke ervarings van geloof by mense deur die eeue op te wek.

As 'n mens die Bybel só lees dat dít gebeur, lees jy die Bybel reg. [Met hierdie standpunt argumenteer die rapport dat sowel die Skrifkritici wat die sogenaamde “objektiewe” en historiese betroubaarheid van die Bybel betwis het as die Sinode van Assen (1926) wat dit teenoor hulle verdedig het met die argument dat die paradyslang regtig gepraat het, van verkeerde veronderstellings uitgegaan het.]

Die rapport gee kortliks aandag aan die Bybelse wonders, en veral die opstanding. Die rapport wil duidelik maak dat die wonders in die besonder geglo moet word, en nie “objektief” ervaarbaar en verstaanbaar is nie.

Ook oor die opstanding moet nie van buite die verhouding met Christus om gedink en gepraat word nie. Oor die opstanding kan slegs vanuit die geloof gepraat word: “Waar het hier gaan om de kern van ons gelovig weten, moet men niet proberen ons te dwingen te zeggen, wat er objektief overblijft van de opstanding, als wij ons geloof tijdelijk zouden uitschakelen” (85).

Die Bybel as rigsnoer vir ons lewe

Oor die vraag óf en hóé *die Bybel as norm* vir ons alledaagse lewe kan geld, maak die rapport duidelik hoe moeilik 'n beroep op die Skrif in praktiese etiese sake is. Die historiese omstandighede het so ingrypend verander, reeds in die Bybel self, en nog meer so oor die eeue daarná. Gevolglik is die Bybelse gesag op etiese vlak nie so sterk as in sake van die heil self nie, alhoewel die Bybel tog as “rigsnoer” kan dien. Tekste moet nie soseer aangehaal word nie, maar leiding moet in die lig van die *hele Skrif* gesoek word – en dié lig word saamgevat in die dubbele liefdesgebod. Voorbeelde, waaronder egskeiding en slawerny, die onderdanigheid van die vrou en kernwapens word na aanleiding hiervan bespreek.

Ten opsigte van egskeiding erken die rapport dat die verbod daarop 'n duidelike Bybelse norm was wat reeds in Israel besonder sterk toegepas en deur Jesus nog meer versterk is. Die Rooms-Katolieke Kerk handhaaf dit dan ook tot vandag toe nog letterlik. In die reformatoriese kerke is die uitsondering van Matteus 5:32 en 19:9 algaande tot allerlei soort gevalle uitgebrei. Op grond van die praktiese ervaring dat 'n huwelik heeltemal mag verbrokkel en liefde totaal verdwyn, het die kerk die Bybelse gebod algaande nuut begin sien: nie meer as absolute verbod nie, maar as 'n gebod wat in elke nuwe situasie “geweeg” moet word. Die liefdesgebod is sterker as die direkte verbod op egskeiding.

'n Mens moet dus vra watter “heilsame” bedoeling die gebod destyds gehad het. Daarná moet gevra word hoe ons vandag ewe “heilsaam” so liefdevol kan optree. Die antwoord op dié vraag moet ons gedrag bepaal, eerder as 'n direkte gebod uit 'n spesifieke situasie in die verlede. Die klem val dus op ons verantwoordelikheid om sêlf te oordeel en te handel.

Die laaste hoofstuk van die rapport maak opmerkings oor hoe die pad vorentoe vir die Gereformeerde teologie behoort te lyk.